Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 16 May 2018
Page: 7

AVE: 13660.92
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



# Tuks-hokkie in eindstryd

Wilhelm de Swardt

Tuks se manshokkiespan het gisteraand in 'n uitstaande rillerstryd seker gemaak hy speel aanstaande Maandagaand in Stellenbosch in die Varsity-eindstryd teen die Maties.

Die statistieke sal jare van nou toon Tuks het die halfeindstryd teen Wits met strafhoue beslis.

Ongelukkig is daar geen statistiek om durf en geesdrif aan te dui nie, want dit is wat dit geverg het om te wen.

Tuks was van meet af aan onder druk. Binne die eerste 12 minute was die span 3-0 agter, maar opgee was min. Met net 11 minute speeltyd oor was die telling drie elk. Toe begin die "groot geveg". Wits het weer die voortou neem – en toe is Tuks voor.

Met net tien sekondes speeltyd oor was die telling 6-5 in Wits se guns. Bitter min van die verkluimde toeskouers sou in daardie stadium geld daarop verwed dat Tuks enige kans het om steeds te wen. Maar daar is nie rekening gehou met die sir Alex Ferguson-invloed nie.

Guy Elliott (Tuks se hoofafrigter) maak geen geheim daarvan dat hy skaamtelose bewondering het vir wat Ferguson as afrigter met Manchester United vermag het nie. Een van die hoofredes vir Ferguson se sukses was dat hy geglo het geen wedstryd is gewen of verloor totdat die eindfluitjie geblaas het nie. Elliott het dit vir die duur van die toernooi vir sy spelers bly benadruk.

Hulle het duidelik geluister. Tuks het 'n strafhoek met enkele sekondes speeltyd afgedwing. Die bal is na Peo Lembethe (kaptein) gespeel wat met 'n mokerhou die bal in die agterkant van die doelhok weggebère het om die telling ses elk te maak.

Die wedstryd is toe met strafhoue beslis. Tuks se doelwagter, Hendrik Kriek, het kopgehou om sy span se sege te verseker.

"Toe ons ons plekke vir die laaste strafhoek inneem het ek vir myself gesê: Dit is nou of nooit. Iemand gaan met 'n grootse poging vorendag kom.

"Toe word die bal na my kant toe gespeel. My laaste gedagte voordat ek die bal gemoker het, was dat dit my oomblik is," sê 'n verheugde Lembethe.

Maties het die Pukke in die ander halfeindstryd geklop. Die wedstryd is ook met strafhoue beslis.



**Bradley Sherwood van Tuks se manshokkiespan spook met Wits se doelwagter Duncan Fischer om beheer van die bal in Maandagaand se Varsitybeker-halfeindstryd. Tuks het die wedstryd met strafhoue gewen.** Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.